kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 163

Soos ‘n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Woorddiens

Tema: Kan ons gesels? Oor indabas

Skriflesing: Johannes 9:1-41

Broodjies vir die pad

“If the newspapers begin to publish stories about wars, and the people begin to think and talk of war in their daily conversations, they soon find themselves at war. People get that which their minds dwell upon, and this applies to a group or community or a nation of people, the same as to an individual”
— Andrew Carnegie

‘Facebook’ van die Steentydperk was krale

Elsabé Brits

’n Polletjie gras groei sowat 33 000 jaar gelede in ’n skalie-agtige gebied. ’n Volstruis pik aan die gras. Atome van die skalie is opgeneem in die gras en grond, en word deel van die eierdop wat sy uiteindelik lê.

Een van die San-mans kom tydens ’n jagtog op die eiers af. Hy lê heerlik weg daaraan, maar hy breek ook die eierdop in ’n klomp stukke met sy klipgereedskap. Wanneer daar tyd is maak hy en die ander mense in sy groep, waar hulle in Karoo bly, krale van die doppe, deur klein gaatjies daarin te boor. Hulle ryg dit aan senings.

Wanneer hulle ander San-mense ontmoet, gee hulle dit as geskenke. Dié groep gee weer van die krale aan ander groepe. Die krale wat in die Karoo gemaak is, beland uiteindelik ver van waar die volstruis aan die kwassie geëet het.

Sowat 33 000 jaar later het ’n groep kenners onder leiding van dr. Brian Stewart van die Universiteit van Michigan en plaaslike kollegas aan die Universiteit van die Witwatersrand dié volstruisdop-juwele in die hedendaagse Lesotho gevind. Op ’n plek waar dit tegnies nie hoort nie.

Die atomiese ontleding daarvan het egter verklaar waar die volstruiseierdoppe vandaan gekom het, asook hoe lank die jagter-versamelaars dit as sosiale valuta gebruik het. Byna soos vandag se Twitter, Facebook of Instagram om oor lang afstande sosiale bande mee te smee. Dit is duursame simbole van kommunikasie en verbintenisse tussen mense.

Die geheimsinnige krale

Die studie is pas in die vakjoernaal *Proceedings of the National Academy of Science* gepubliseer. Verskeie van die krale is in twee rotsskuilings gevind. Die een is Melikane (1 860 m bo seevlak) en Sehonghong (1800 m bo seevlak) in die hedendaagse Lesotho.

Die vraag wat die navorsers gevra het, is: Is die eiers nie dalk gelê deur volstruise in die onmiddellike omgewing nie? Maar voëlkundige data het gewys dat volstruise histories nie nader aan die area voorgekom het as die noordoostelike Vrystaat nie – wat sowat 150 km van daar is. Luidens die studie is daar byna geen fragmente van volstruiseierdoppe of krale wat in die betrokke gebied gemaak is nie.

Waar geen volstruise was nie, kon mense nie self die krale gemaak het nie, maar hulle het dit wel besit. Hulle het dit van elders gekry. Van die krale kom van sowat 110 tot 160 km vanaf dié terreine, ander sowat 330 km ver en die verste tot 1 000 km ver. Sonder bewyse van produksie in die rotsskuilings het die kenners geweet dit moes van ver af gekom het, maar hulle het dit ook gaan toets.

Dit is met stronsium-isotoop-analise gedoen. Stronsium-87 is die dogter-isotoop van die radioaktiewe element rubidium-87. Wanneer rubidium-87 verval, produseer dit stronsium-87. Ouer rotse soos graniet en gneis het meer stronsium in as jonger rotse soos basalt. Wanneer diere in die landskap wei, soos die volstruis wat aan die gras gevreet het, word die stronsium-isotope in hul weefsel opgeneem.

Wanneer kenners die eierdoppe toets, kan hulle bepaal uit watter landskap en waar die volstruis was. Die stronsium kom voor in die plantegroei en in die grond van ’n landskap.

Facebook van die Steentydperk

Stewart, ’n argeoloog, het gesê mense bly uitsonderlike sosiale wesens. “Volstruiseier-krale en die juwele wat hulle daarvan gemaak het, was basies hul weergawes van Facebook en Twitter in die Steentydperk. Dit is soos “likes” wat op dieselfde tyd mense se verbintenisse herbevestig en om ander van die status van dié verhoudinge te laat weet.”

So lank gelede as 85 000 jaar terug het jagter-versamelaars in Lesotho gewoon. ’n Ideale plek met baie water en ander bronne. Dit is min of meer in die middel van ’n geologiese formasie wat die Karoo-supergroep genoem word. Die betrokke area (die Drakensberg-groep) het gevorm sowat 180 miljoen jaar gelede en met die laaste verbrokkeling van Godwana het lawa uit die kors gepeul en die gebied gevorm. Dit is omring deur vier ander sedimentêre groepe wat veel ouer is.

Stewart het gesê die uitruil van krale kon dalk veel meer as net versiering gewees het. Dit kon gebruik gewees het om inligting oor bronne, die toestand van die landskap, diere, plante, ander mense en selfs huwelike uit te ruil. Dit is oor ’n baie lang tydperk – duisende jare – gebruik. Vermoedelik baie langer as 33 000 jaar gelede.

Hulle het volgens modellering beraam hoeveel mense die landskap sou kon onderhou – en dit is min. In ’n radius van 123 km sou net tussen 475 en 570 mense kon oorleef het, en hulle sou in groepe van 25 tot 30 verdeel gewees het.

Dit is mense wat onder swaar toestande oorleef het en bygedra het tot wie ons vandag is. Die verhaal van hul krale en kultuur het veel meer nuanses as net ’n ronde stukkie eierdop met ’n gaatjie in.

** Bron: PNAS Article #19-21037: “Ostrich eggshell bead strontium isotopes reveal persistent macroscale social networking across late Quaternary southern Africa,” by Brian A. Stewart et al.*

** Brits is 'n vryskutwetenskapjoernalis. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/facebook-van-die-steentydperk-was-krale-20200316

"I'd found my niche. Since I belonged to no group I learned to move seamlessly between groups. I floated. I was a chameleon, still, a cultural chameleon. I learned how to blend. I could play sports with the jocks. I could talk computers with the nerds. I could jump in the circle and dance with the township kids. I popped around to everyone, working, chatting, telling jokes, making deliveries. I was like a weed dealer, but of food. The weed guy is always welcome at the party. He's not a part of the circle, but he's invited into the circle temporarily because of what he can offer. That's who I was. Always an outsider. As the outsider, you can retreat into a shell, be anonymous, be invisible. Or you can go the other way. You protect yourself by opening up. You don't ask to be accepted for everything you are, just the one part of yourself that you're willing to share. For me it was humor. I learned that even though I didn't belong to one group, I could be a part of any group that was laughing. I'd drop in, pass out the snacks, tell a few jokes. I'd perform for them. I'd catch a bit of their conversation, learn more about their group, and then leave. I never overstayed my welcome. I wasn't popular, but I wasn't an outcast. I was everywhere with everybody, and at the same time I was all by myself."
— Trevor Noah, Born a Crime: Stories from a South African Childhood

"conversation. In Laches, he discusses the meaning of courage with a couple of retired generals seeking instruction for their kinsmen. In Lysis, Socrates joins a group of young friends in trying to define friendship. In Charmides, he engages another such group in examining the widely celebrated virtue of sophrosune, the "temperance" that combines self-control and self-knowledge. (Plato's readers would know that the bright young man who gives his name to the latter dialogue would grow up to become one of the notorious Thirty Tyrants who briefly ruled Athens after its defeat by Sparta in the Peloponnesian War.) None of these dialogues reaches definite conclusions. They end in aporia, contradictions or other difficulties. The Socratic dialogues are aporetic: his interlocutors are left puzzled about what they thought they knew. Socrates's cross-examination, or elenchus, exposes their ignorance, but he exhorts his fellows to"
— Plato, The Socratic Dialogues

"Participants were then asked if they thought it was possible to have an open, give-and-take conversation about such sensitive topics. To Trosset's surprise, the vast majority of participants said they had no desire to engage another person's perspective on sensitive issues. They merely wanted to voice their opinion. Only five percent of the test group expressed a desire to understand and learn more about another person's view."
— Tim Muehlhoff, I Beg to Differ: Navigating Difficult Conversations with Truth and Love

How do we communicate with people who disagree with us? In today's polarized world, friends and strangers clash with each other over issues large and small. Coworkers have conflicts in the office. Married couples fight over finances. And online commenters demonize one another's political and religious perspectives. Is there any hope for restoring civil discourse? Communications expert Tim Muehlhoff provides a strategy for having difficult conversations, helping us move from contentious debate to constructive dialogue. By acknowledging and entering into the other person's story, we are more likely to understand where they're coming from and to cultivate common ground. Insights from Scripture and communication theory provide practical ways to manage disagreements and resolve conflicts. We can disagree without being disagreeable. And we can even help another see different points of view and learn from one another. Find out how.

https://www.goodreads.com/book/show/17395163-i-beg-to-differ

Brood vir die pad

Verkeer ons samelewing in intensiewe sorg?

RRV

In die gesprekke oor epidemies en pandemies hoor 'n mens dikwels die verwysing na die onderskeid tussen mortaliteit en morbiditeit. Die mortaliteit-syfer dui op die aantal persone wat as gevolg van 'n siekte gesterf het, terwyl die vlak van morbiditeit weer dui op die getal mense wat siek is.

Naas dié tegniese betekenis van morbiditeit (van die Latynse *morbus*, "siekte"), ken ons ook die woord "morbied" as beskrywing van 'n gevoels-toestand wat met 'n sombere en swartgallige lewensuitkyk geassosieer word. En in die mediese wêreld word die term multi-morbiditeit weer gebruik as aanduiding dat 'n persoon aan meer as een chroniese siekte ly – 'n verskynsel wat uiteraard groot eise ten opsigte van behandeling en versorging stel.

Nou sou 'n mens kon vra: Leef ons nie dalk in 'n multi-morbiede samelewing nie? Is ons samelewing, by wyse van spreke, nie in intensiewe sorg met 'n diagnose van meerdere siektetoestande nie?

Historici wys daarop dat daar min ander tydperke in die geskiedenis was waartydens die gedagte van die dood so sterk gefigureer het as tydens die laat-Middeleeue. Dit was die tyd van die Honderdjarige Oorlog, die vernietigende plaag bekend as die Swart Dood, asook van ekonomiese, morele en godsdienstige verval. En die gepaardgaande gevoel van krisis (dalk kan ons praat van multi-morbiditeit), het oor alle sosiale stande heen gestrek.

Carter Lindberg haal in sy *The European Reformations* 'n opmerking van Jean Meschinot in die 15de eeu aan as verteenwoordigend van die heersende laat-Middeleeuse lewensuitkyk: "O miserable and very sad life! We suffer from warfare, death and famine ... In short, Lord, have mercy upon our wicked persons, whose life is very short."

Baie het dan ook aan die plaag gedink as straf van God. Groepe wat selfkastyding toegepas het, het meer voorgekom. Asook die verskynsel om die skuld op vreemdelinge te plaas. Talle Jode is byvoorbeeld gedood omdat daar geglo is dat hulle die plaag veroorsaak het deur waterbronne te vergiftig. Ons sien dus in die laat-Middeleeuse samelewing hoe die onvoorstelbare hoë vlakke van mortaliteit en morbiditeit 'n sterk uitwerking gehad het om mense se moraliteit en godsdienstigheid.

Dit lyk dus of multi-morbiditeit in 'n samelewing die donkerder kante van ons menswees (van ons godsdienstigheid ingesluit) na vore kan laat kom – dikwels op 'n wyse wat ons vir ons eie gedagtes kan laat skrik. Maar dit is dalk ook juis in súlke tye wat ons die dieper krag en betekenis kan herontdek van begrippe soos nugterheid, verantwoordelikheid, samewerking, empatie, én hoop.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-verkeer-ons-samelewing-in-intensiewe-sorg-20200314

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877